STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

28 APRIL 2019

# GEMEENTEBULLETIN

**OGGENDDIENS**
Ek glo aan 'n heilige, algemene kerk.
(Hand. 2:1-12 en Gal. 5:22-26)

**GESINSDIENS**
Ons basis: Is die Here deel van ons huis?
(Josua 24:1-28)

**JEUGDIENS**
*Build and create SPACES.*
Joh. 8:1-11

**DEURKOLLEKTE**
Badisa gee op 'n praktiese wyse gestalte aan die NG Kerk se barmhartigheidsaksie deur die lewering van omvattende maatskaplike en versorgingsdienste aan minderbevoorregte mense in die Wes-Kaap.

## EREDIENSTE

| | | | 28 April | | 5 Mei | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 09:00 | Kerk | Oggenddiens | Ds. Visagie | 4 | Ds. Visagie | 1 |
| 09:00 | Kleinsaal | Gesinsdiens | Ds. Breytenbach | 6 | Ds. Ackerman | 7 |
| 09:00 | Kapel | Meditatief | Philipp Dietmann | - | Philipp Dietmann | - |
| 09:00 | Grootsaal | Klouterkerk | Geen diens | - | Ds. Breytenbach | - |
| 18:00 | Kerk | Jeugdiens | Ds. Ackerman | - | Ds. Ackerman | - |
| 19:00 | Kapel | Aanddiens | Ds. Visagie | 12 | Mike van Deventer | 13 |

## VRYDAG 3 MEI GEMEENTEBRAAI

Moenie die gesellige saamkuiergeleentheid weer misloop nie. Bring jou eie vleis, eetgerei en drinkgoed. Ons voorsien die kole. Kom kuier saam vanaf 19:00 en leer ken medelidmate.

## VOORBIDDING VIR DIE VERKIESING

Op Dinsdag 7 Mei om 18:30 in die kapel doen ons spesiaal voorbidding vir die algemene verkiesing wat op 8 Mei plaasvind. Kom sluit asb. by die gebedsgroep aan. Dié land kan nie sonder gebede hervorm nie.

## DS. POTGIETER BESOEK NEDERLAND

Ds René Potgieter is deel van 'n groep van ses leraars wat vanaf 26 April tot 9 Mei aan 'n uitruilprojek van die Zebra-stigting in Nederland deelneem. Die groep gaan met Nederlandse gemeentes en leraars skakel. Ds. René Potgieter gaan by ds. Louise Kooiman, predikant in Enkhuizen en Schagen, inskakel en ds. Kooiman sal weer by 'n later geleentheid vir Stellenberg besoek. Die groep sal by alle eredienste en gemeenteaktiwiteite inskakel en vanaf 6-9 Mei ook 'n kursus aangebied deur dr. Robert Vosloo (teologiese fakulteit U.S.), bywoon.

## JEUGDAGBOEK

- JUNIOR KLEINGROEPE: Kleingroepe begin om 10:00 na afloop van die eredienste.
- JEUGDIENS 18:00: Kwartaaltema: SPACES
- SENIOR KLEINGROEPE: Na die jeugdiens in onderskeie lokale.
- GELEENTHEID VIR BELYDENISAFLEGGING: 19 Mei. Kontak Sunet by sunet@stellenberg.co.za vir administratiewe reëlings.
- BLISS: Vir studente en werkende jongmense. Sluit by ons aan op Sondae vanaf 16:15 tot 17:30 en Woensdagaande om 18:30. Nuwe lede is welkom. Kontak die jeugkantoor met navrae.
- *MATRIC MOVEMENT:* Alle matrieks word uitgenooi om by die *Matric Movement* Sondagaande om 19:00 in die kafeteria aan te sluit. Bring jou vriende. Dis slegs vir matrieks.
- JEUG-TOEP: Gaan na die *Google Play Store* of *Apple Store* en soek "Stellenberg". Laai die toepassing op jou foon af.

## UITREIKE 2019

Uitreikspanne besoek gedurende die Julie-skoolvakansie die volgende dorpe: Leeu-Gamka, Prins Albert, Calitzdorp, Beaufort-Wes en Transkei. Hartverskeurende armoede is 'n werklikheid in dié plattelandse gemeenskappe en alhoewel uitreikspanne daarop fokus om inwoners met die evangelie te bedien, kan hulle nie die skreiende fisiese nood miskyk nie. In die lig daarvan het diensprojekte soos sopkombuise onmisbaar geword. Die uitreikbegroting is egter onder druk. Alhoewel uitreikers inskrywingsgeld van R1 100 per uitreik betaal, beloop die werklike koste R1400 per spanlid. Die gemeente subsidieer R300 per uitreiker om die inskrywingsgeld meer bekostigbaar te maak, en ongeveer 15 uitreikers se onkoste word jaarliks ten volle gedek. Oorweeg asb. om 'n bydrae tot Stellenberg se uitreikbediening te maak al kan jy dalk nie self 'n uitreik meemaak nie. EFT-betalings: ABSA-tjekrekening, 145 058 0011, takkode 632005, UITREIKE as verwysing, of kontantbydraes by die kerkkantoor tussen 09:00 en 13:00.

### KATEGESE KLEINGROEPE VANDAG

Graad 1: Kleinsaal

Graad 2 en 3: Grootsaal

Graad 4: Bovertrek

Graad 5 en 6 : Kerk

Graad 7: Jeuglokaal

Graad 8: Kerk

Graad 9: Grootsaal

Graad 10: Bovertrek

Graad 11: Kleinsaal

### BREIGROEP

Ons kom weer op Maandag 6 Mei om 09:30 in die markplein bymekaar.

### PREKE OP DIE WEB

Jy kan nou preke vanaf die web aflaai (download) en hoef dit nie meer aanlyn te luister nie. Besoek gerus www.stellenberg.co.za en gaan na: luister na preke.

### STELLENBERG-GEMEENTE BANKBESONDERHEDE

ABSA-tjekrekening
145 058 0011
Takkode 632005

## LEES DIE BULLETIN OP JOU SELFOON

Indien jy graag die Bulletin weekliks en die Samaritaan maandeliks op jou selfoon wil ontvang, *WhatsApp* asseblief jou naam en selfoonnommer na Sanèl by 083 611 4720. Geen groepbesprekings/gemorspos word gestuur nie.

## JUNIOR KATEGESE – KOEKVERKOPING

Ondersteun asb. die junior kategese se fondsinsamelingsprojek op Sondag 12 Mei. Dit is die ideale bederfgeleentheid vir mamma op Moedersdag. Nooi haar vir 'n koppie tee of cappuccino en 'n heerlike stukkie koek na afloop van die erediens of kategese.

## RETRAITE VIR MANNE 30 AUG - 1 SEPT

**Wortelgat 30 Aug tot 1 Sept:** Die datum vir die retraite verskuif, omdat die aanvanklike datum in Mei met Moedersdag bots. Bespreek by Lindy: lindy@stellenberg.co.za. Navrae: Retief Ueckerman 082 498 3448, of Callie Visagie 072 385 4368.

## VROUE-WEGBREEK

Teken die datum vir ons vroue-wegbreek vanaf 9 tot 11 Augustus by !Khwa Ttu, naby Yzerfontein, in jou dagboek aan. Koste: R550 per persoon. Besprekings en betalings by die kerkkantoor, karin@stellenberg.co.za. Volledige inligting sal volg.

## THE SULTAN AND THE SAINT

'n Oop gesprek oor die rolprent word op Dinsdag 30 April om 19:00 in die kleinsaal aangebied. Indien jy na die rolprent gekyk het, kom gesels gerus saam.

## KLEUTER- EN PEUTERKERK

Kleuter- en Peuterkerk word elke Sondagoggend om 09:00 (tydens die skoolkwartaal) in die grootsaal vir drie- tot sesjariges aangebied. Ouers wat bereid is om self 'n diensbeurt waar te neem, kan gerus vir Sunet by sunet@stellenberg.co.za/ 021 975 1044 kontak.

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

Donderdag 2 Mei om 15:00 en 15:45 uit 1 Samuel 24.
Dawid en Saul . . . 'n ongemaklike situasie.

### HUISBYEENKOMS

Sondag 28 April om 18:00 God gee in oorvloed sodat ons met dankbaarheid vrygewig kan wees, uit 2 Korintiërs 9:8–15.

### VROUEKAMP 17 TOT 18 MEI

**Tema: Bewaar jou hart**

Vroue word uitgenooi na die jaarlikse vrouekamp by Die Eiland-kampterrein, Jonkershoek. Koste R540 per persoon. Bespreek jou plek voor 15 April by Stefanie Dicks 082 925 0267/ dixiesdatjies@gmail.com.

### BLISS

Vir studente en werkende jongmense. Sluit by ons aan op Sondae vanaf 16:15 tot 17:30 en Woensdagaande om 18:30.

## VAKATURES

### Jeugkantoor administratiewe hulp

’n Vakature bestaan vir ’n persoon wat lief is vir jongmense, ’n gelowige is en oor goeie administratiewe en organisatoriese vaardighede beskik. Werksure 12:00 - 15:00 op weeksdae, dienswerk op Sondae tydens die jeugdiens (vanaf 17:00 slegs tydens skoolkwartale), asook sporadiese na-uurse verpligtinge soos jeugbedieningvergaderings en kampe.

Navrae en CV’s na Sunet Opperman 021 976 4519 en sunet@stellenberg.co.za. Sluitingsdatum: 15 April 2019

## FINANSIËLE BYDRAES

Jy kan jou maandelikse bydrae, of enige ander betalings (inskrywingsgeld, bydraes tot projekte, ens.) met **SnapScan** betaal. Laai die toep op jou slimfoon af en volg die maklike instruksies. Voeg ook ’n verwysing in om aan te dui waarvoor die bydrae toegeken moet word. Die toepassing kan ook by heelwat restaurante, markte en ander besighede gebruik word.

**EFT-transaksies** kan na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, gedoen word.

## PLANTETAFEL SONDAG 5 MEI 10:00

Die gewilde plantetafel bied weer op 5 Mei hulle plante te koop aan. Alle donasies vir plante is ten bate van ons jeuguitreike. Ondersteun asseblief die mooi projek.

### STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Daar is kliniese sielkundiges, mediators, spraak- en arbeidsterapeute, asook ’n musiekterapeut beskikbaar.

Afsprake kan tussen 09:00 en 12:00 by 021 976 8029 gemaak word, of skakel die sentrumbestuurder Rudolph van Schoor by 082 854 4530.

### GEBEDSGROEPE

Die volgende gebedsgroepe kom weekliks bymekaar. Skakel gerus in soos dit jou pas.

- Vrouegebedsgroep Maandagoggende om 09:15 in die kapel.
- Asemskep-gebedsgroep Dinsdagaande om 18:30 in die kapel.
- Mannegebedsgroep Donderdagoggende om 06:00 in die kafeteria.